Posbus 34889
NEWTON PARK
6055
Tel: 041 363 1890
Faks: 041 363 1896
e-pos: natasja.barkhuizen@agriec.co.za
webwerf: www.agriec.co.za

AGRI Oos Kaap Eastern Cape Mpumpuma Koloni

PO Box 34889
NEWTON PARK
6055
Tel: 041 363 1890
Fax: 041 363 1896
e-mail: natasja.barkhuizen@agriec.co.za
website: www.agriec.co.za

**08 Maart 2017**

# MEDIAVERKLARING
## RONDLOPERDIERE IN MUNISIPALE AREAS

Op Dinsdag 7 Maart 2017 is 'n hofbevel suksesvol verkry teen die Ndlambe Munisipaliteit, die Munisipale Bestuurder en die Uitvoerende Burgermeester. Hierdie hofbevel toegestaan aan Agri Oos-Kaap en vier (4) ander aansoekers dwing die genoemde partye om prosedures in plek te stel om regulasies ten opsigte van die aanhouding van diere binne woongebiede van die Munisipaliteit en op Munisipale meentgrond en oop ruimtes, af te dwing.  Die huidige onbeheerde instroming van diere in residensiële gebiede en meentgrond het gelei tot 'n verhoogde risiko vir die oordrag van verskeie dieresiektes na naburige kommersiële plase. Verder is die risiko's wat rondloperdiere aan motoriste en privaat eiendom inhou voor die hand liggend. Herhaalde versoeke, oor baie jare, aan die munisipaliteit om hierdie probleem aan te spreek het baie min aksie ontlok. Ongelukkig is Georganiseerde Landbou geen ander keuse gelaat as om die howe te nader om hierdie situasie reg te stel nie.

Ons beklemtoon weer dat Agri Oos-Kaap nie gekant is teen diere-eienaarskap deur inwoners nie, ons is bewus daarvan dat die eienaarskap van diere deur sommige inwoners belangrik is vir ekonomiese en kulturele redes.  Dit is egter belangrik dat die aanhouding en beweiding van diere op die meentgrond, binne woongebiede  streng deur die munisipaliteit gereguleer word en dat die munisipale verordeninge deur die Munisipaliteit op die diere-eienaars afgedwing word, in belang van al die inwoners van die Munisipaliteit.

Met vee eienaarskap kom die verantwoordelikheid om te verseker dat die diere op 'n wyse gehou word, sodat hulle nie 'n gevaar skep of oorlas vir ander is nie. Die ongereguleerde beweiding van grond deur die diere op die munisipale meentgrond het gelei tot ernstige oorbeweiding, en die algemene agteruitgang van hierdie waardevolle hulpbronne, en het gelei tot onvolhoubare landboupraktyke.

Alhoewel dit ongelukkig is dat die Munisipaliteit na herhaalde versoeke met die verloop van baie jare, misluk het om die kwessies behoorlik aan te spreek, wat noodgewonge die hofgeding tot gevolg gehad het, moet ons die optrede van die munisipaliteit, sedert ontvangs van die aansoek, uitlig.

Na indiening van die hofaansoek het die Munisipaliteit toegegee dat hulle wel 'n verpligting het om die Regulasies en die relevante Nasionale wetgewing in hierdie verband, af te dwing.  Die Munisipaliteit het vrywilliglik onderhandelinge

met die aansoekers begin om ‘n aanvaarbare oplossing vir die probleem te vind, verkieslik sonder om in ‘n lang hofstryd betrokke te raak.

Na onderhandelinge is 'n voorgestelde regstellingsplan is deur die Munisipaliteit ter tafel gelê wat Dinsdag die basis van die hofbevel gevorm het. Hierdie hofbevel het vir almal betrokke, beide tyd en regskostes bespaar en sal dit bewillig ook die onmiddelikke aanvang van die regstellingsproses. . Baie van die stappe in ons oorspronklike Kennisgewing van Mosie is omseil as gevolg van die Munisipaliteit se positiewe benadering tot die aansoek.

Die besluit deur Agri Oos-Kaap om hierdie aansoek in te dien is eers geneem nadat die vooruitsigte van die sukses van hierdie saak deur gedetailleerde regsmening ingewin, bepaal is. As 'n organisasie was ons seker van ‘n suksesvolle uitkoms in ons guns, en dus moet die bereidwilligheid van die Munisipaliteit om uiteindelik hul verantwoordelikheid vir die toepassing van Munisipale regulasies, sonder om finansies op onnodige litigasie te bestee, in 'n positiewe lig gesien word.

Die begin van 'n eienaarskap register, ingevolge die hofbevel, sal ook bepaal wie van die vee-eienaars 'n groot aantal diere aanhou en wie deur die Departement van Landelike Ontwikkelling en Grondhervorming bygestaan moet word. Hierdie boere moet in ag geneem word vir, en toegang hê tot, plase wat deur die Regering vir grondhervormingsdoeleindes aangekoop word. Hierdie boere moet gehelp word om, in eie reg, kommersiële boere te word, iets wat nooit sal gebeur terwyl hulle probeer om te boer op vervalle meentgrond binne woongebiede nie.

Agri Oos-Kaap hoop om met hierdie hofbevel as 'n basis vir onderhandelinge, al sy geaffilieerde landbouverenigings in 'n posisie te stel om met hul onderskeie munisipaliteite te kommunikeer om te verseker dat soortgelyke regstellingsplanne om soortgelyke probleme in die onderskeie gebiede aan te spreek en op te los sonder enige verdere onnodige regsaksie.

**DOUG STERN**
**PRESIDENT AGRI OOS-KAAP**

Member of BARCLAYS

ABSA